NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2021

## AFDELING A LEESBEGRIP

- **Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.**
- **Sou die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as Afrikaans, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk).**
- **Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Die rede/motivering verdien die punt.**
- **Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.**
- **Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeusevrae.**

### VRAAG 1

1.1 B (vir Cyclops probeer beïndruk)

1.2 1.2.1 Onwaar

1.2.2 "verskillende strande"

1.3
- Hy het die ander pikkewyne se boumateriaal gesteel.
- Hy het die ander pikkewyne se neste opgebreek.
- Hy het die boumateriaal van die ander pikkewyne oral rondgestrooi.

*(Enige een)*

1.4 Die personeel het vir hom 'n houer ingerig wat hy as 'n nes kon gebruik.

1.5
- Hy moes kies watter span die halfeindstryd (tydens die rugbywêreld-beker) sou wen.
- Hy moes die wenner (van die halfeindstryd) aanwys.

*(Enige een)*

1.6 1.6.1 Hulle moes albei kies watter span ’n (rugby-)wedstryd gaan wen.

1.6.2 Die seekat se voorspelling was verkeerd, maar Donatello se voorspelling was korrek.

1.7 Hy het die vlaggie na sy nes geneem.

1.8 Hulle verkies die warm(er) klimaat vir broei.

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

2.1 Figuur A se **oë is half toe** (1) en figuur B se **oë is wyd oop** (1)./
Figuur A se **mondhoeke hang** (1) en figuur B het 'n **groot glimlag** (1).

2.2 Met die ou manier moet jy telefonies inskakel/bel (om 'n eis in te dien) en op die nuwe manier doen jy dit elektronies/oor die internet.

2.3 Die swart agtergrond beklemtoon dat figuur A **sukkel/gefrustreerd** is.
(*Iets soortgelyks.*)

Die sontrale by figuur B beklemtoon hoe **gelukkig** hy nou is.

2.4 Daar is 'n **(stippel-)lyn agter die haas** (wat sy sprong aandui).

2.5
- Jy kry elke maand tot 25% kontant terug (gebaseer op jou bestuurstyl).
- Jy kry van tot 30% afslag as jy aanlyn versekering koop.
- Daar is vir die eerste maand geen paaiement betaalbaar nie.

(*Enige een*)

2.6 Dit beklemtoon die feit dat jy nou **elektronies/via die internet** jou versekering kan uitneem.

2.7 Dit dui aan hoe **vinnig** (1) dit is **om aanlyn versekering uit te neem**.

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

3.1 Sy het sakke onder haar oë/haar oë lyk moeg.
Haar mondhoeke en/of haar wenkbroue hang (af).

3.2
- Sy lê op haar rug op die bank.
- Haar een been rus op die koffietafel.
- Haar een hand/arm is agter die kussing ingesteek.

(*Enige een*)

3.3 Daar is **strepe/strepies** (1) en **musieknote** (1) voor die vuvuzela.

3.4 B (Hy het op sy ma se springmat gespeel)

3.5 3.5.1 Onwaar

3.5.2 Daar is 'n **waterplas** (op die koffietafel en vloer).

3.6 Die kind is besig **om sy/haar vinger in die muurprop te druk**.

3.7 Die kind gooi 'n (krieket-)bal deur die venster (iets soortgelyks).

3.8
- Sy mag nie meer lyfstraf toedien nie.
- Die hof het lyfstraf verbied.
- Dit is teen die wet vir ouers om hulle kinders pak te gee.

*(Enige een)*

## AFDELING B OPSOMMING

Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:

- Sinne moet van 1–5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt/sin bevat twee feite. Dus tel elke sin 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde moet gebruik word om twee feite te verbind.
- Een van die dele van die feit/sin kan 'n infinitief wees.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Indien kandidaat twee sinne per punt skryf, word slegs eerste sin gemerk.
- Sinne mag nie direk uit teks aangehaal word nie, maar kandidaat mag woorde/frases uit teks gebruik.
- Taalfoute word nie meer gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus 2½ in totaal.
- Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is
- 'n/en/die (lidwoorde) tel as deel van die woordtelling.
- Minus 1 as die getal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

## VRAAG 4 WENKE EN REDES

| **Wenk** | **Rede** |
|---|---|
| 1. Kry 'n stil plek | sodat jy vir 'n ruk gerieflik op jou eie kan wees. (15 woorde) |
| 2. Maak jou oë toe en sit stil | sodat jou gedagtes en gevoelens jou nie hoef te beïnvloed nie. (18 woorde) |
| 3. Fokus op jou asemhaling | want dit sal jou help om nie aan ander dinge te dink nie. (17 woorde) |
| 4. Moenie ongeduldig wees nie | want suksesvolle meditasie vereis oefening. (9 woorde) |
| 5. Moenie ophou mediteer nie | want jy sal kalmer en doelgerigter word as jy lank mediteer. (15 woorde) |

**Getal woorde: 74**

IEB Copyright © 2021

**NASIENRIGLYNE**

| SIMBOOL | OMSKRYWING | AFTREKKING |
|---|---|---|
| **F** | **FORMAAT**<br>– Sinne is **nie genommer nie**;<br>– **Kolpunte** is gebruik (of net reëls oopgelaat tussen sinne);<br>– Leerder het in **paragraafvorm** geskryf.<br>*('n Kandidaat kan -2 verloor indien twee van bogenoemde oortredings begaan is.)* | **-1** |
| **WT** | **WOORDTELLING**<br>Daar is **geen woordtelling** aangebring nie. | **-1** |
| **L** | **LENGTE**<br>Die opsomming is te kort of te lank, d.w.s. **minder as 60** en **meer as 80 woorde**. | **-1** |
| **LL** | Kandidaat het **GELIEG** oor die **LENGTE**, bv. hy gee die woordtelling as 80, maar het eintlik 100 woorde geskryf. | **-1** |
| **DA** | **DIREKTE AANHALING**<br>Penaliseer vir elke sin wat direk aangehaal is (frases of woorde uit die stuk mag gebruik word).<br>*Indien die aangehaalde sin verkeerd is, word punte nie afgetrek nie.* | **-½<br>tot 'n maks. van 2½ punte** |

**ONTHOU**

1. Elke sin tel 2 punte (vir 2 feite: die wenk én die rede).

2. Elke sin móét 'n **voegwoord** bevat (komma of kommapunt werk nie!)
   **Indien die kandidaat twee sinne geskryf het, merk ons net die eerste sin.**

3. Een van die dele van die sin kan 'n **infinitief** wees.

4. Elke sin **móét 'n werkwoord bevat**. Geen werkwoord, geen punt!

5. Een feit mag nie oor twee punte strek nie.

6. Taalfoute word nie gepenaliseer nie, **MAAR** punte word net toegeken as swak taalgebruik nie betekenis belemmer nie.

IEB Copyright © 2021

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – "Sondagaande"

5.1 Vrye vers

5.2 A – personifikasie

5.3 "taai"

5.4 "... **s**ielalleen voor **S**ondagaande **s**taan"

5.5 depressie

5.6 Die gevoel is eers **ver in sy agterkop** ("hoog bo die stad") (1), maar later hang die donker gemoed **swaar aan sy hele liggaam** sodat hy kromgebuk staan ("sink neer op die krom lamppale") (1).
(*Iets soortgelyks*)

5.7 Dit dui vir ons aan dat sy gemoed **geleidelik/met die verloop van tyd** swaarder/donkerder word soos die tyd aanstap.

5.8 5.8.1 Die sorgvrye **naweek is verby** en al die verantwoordelikhede van die **week wat voorlê**, maak hom depressief.

5.8.2 Die spreker se skouers hang (se rug is krom) van swaarmoed/ depressie./Hierdie depressie/melankolie/swaarmoedigheid hang swaar aan die spreker en **laat sy skouers hang** (maak hom depressief).

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – "Taylor Swift"

6.1 Die spreker se dogter/Liebet **en** Taylor Swift

6.2 "melancholie"

6.3 "vir die hoeveelste keer"

6.4 6.4.1 Waar

6.4.2 Die woord "alleen" dui dit duidelik aan.

6.5 Dit suggereer dat sy 'n **moeilike/lang/uitputtende/veeleisende** dag by die skool ervaar het.
(*Iets soortgelyks*)

6.6 Om die **progressie/verergering** (1) van die hartseer/smart/gehuil te **beklemtoon** (1)

6.7 Hierdie versreëls verwys na die feit dat die dogter begin **besef dat hulle verhouding gaan verander** (1) soos sy **groter/ouer/selfstandiger** word. (1)

**VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – "Bly by my"**

7.1 Dit verwys na **moeilike/hartseer/donker** tye.

7.2
- Sy sal nie meer so hartseer voel nie.
- Sy sal beter kan voel.
- Sy sal die moeilike tye kan deurstaan.

(*Enige een*)

7.3 Inkeping

7.4 Deur middel van die herhaling (van die eerste versreël in elke strofe).

7.5 7.5.1 C (Metafoor)

7.5.2 Om te wys dat die persoon **as beskerming** vir die spreker **dien**.

7.6 Albei verwys na die stormagtige tye in die spreker se lewe.
(*Iets soortgelyks.*)

7.7 D (wysheid)

7.8 Aan haar eie dood/die feit dat sy eendag gaan sterf.

7.9 Inversie

IEB Copyright © 2021

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

- **Sin is reg of verkeerd.**
- **Geen leestekens word gepenaliseer.**

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

**Antwoorde:**

8.1 Die tieners is baie opgewonde, want Sanele het hulle strand toe geneem.

8.2 Al die belangrike duikreëls is versigtig deur die duikers nagegaan.

8.3 Nadat die seuns al die duikreëls geleer het, kan hulle die oseaan verken.

8.4 Verlede Desember het die skubaduikers elke dag geëet en geswem.

8.5 Nee, Thabo het nog nooit saam met die visse geswem nie.

8.6
- Durban, wat twee pragtige duikplekke het, is 'n gewilde vakansie-bestemming.
- Durban, wat 'n gewilde vakansiebestemming is, het twee pragtige duikplekke.

(*Enige een*)

8.7 Sanele vra aan sy vriend of hy die regte grootte duikpak dra.

8.8 'n Uitstappie al langs die strand sal vanmiddag deur Sanele gereël word.

8.9 Sanele sê dat hulle ouers baie trots op hulle gaan wees.

8.10 Vakansiegangers hou van Durban; daarom gaan hulle elke jaar daarheen.

8.11 Thabo huur 'n duikpak om te (kan) leer duik.

8.12 Professionele duikers behoort elke jaar in die see te duik.

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**Geen spelfoute word aanvaar nie.**

9.1 negentien

9.2 UK

9.3 verrassing

9.4 motors

9.5 eie

9.6 Toe **(moet hoofletter wees)**

9.7 skielik

9.8 om

9.9 hoedjie

9.10 snaak**ss**te

9.11 brandende

9.12 gestreepte

9.13 eerste

9.14 blisvinnig

9.15 vir

9.16 goedkoop

IEB Copyright © 2021

**VRAAG 10 KOMMUNIKASIE**

- Daar sal vetgedrukte woorde by elke vraag wees.
- Kandidate moet die vetgedrukte woorde in reaksie/gevoel omskryf. Gegewe woord mag nie gebruik word nie.
- Spelling word nie gepenaliseer tensy betekenisverandering plaasvind nie.
- By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word.
- 2 × ½ = inhoud; 2 × ½ = taal
- Minus ½ per tipe taalfout per Vraag (10.1/10.2, ens.).
- Kandidaat mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.
- Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd, kan kandidaat nog punt vir taal kry.
- Direkte rede is 'n vereiste.
- Kandidate moet by voorgeskrewe lengte hou.
- Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woorde toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.
- MINUS HALFPUNT PER RESPONS WAT MINDER AS 15 OF MEER AS 20 WOORDE IS.

10.1 Ek dink jy oorreageer nou. Die virus is glad nie so aansteeklik as wat mense voorgee nie. (17 woorde)

**Taal:** **1**
**Inhoud:** **1**

10.2 Pas op! Jy is gans te gerus hieroor. Jy gaan die virus optel en jy gaan dan baie siek word. (20 woorde)

**Taal:** **1**
**Inhoud:** **1**

10.3 Verskoon my, dame. Sal jy asseblief die veld verlaat sodat ons die wedstryd kan begin? (15 woorde)

**Taal:** **1**
**Inhoud:** **1**

10.4 Baie dankie dat jy die water gebring het. Nou sal ek die bal beter kan hanteer. (16 woorde)

**Taal:** **1**
**Inhoud:** **1**

10.5 Jy moet altyd die skerm af hou sodat jy nie kieme kan versprei wanneer jy met iemand praat nie. (19 woorde)

**Taal:** **1**
**Inhoud:** **1**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2021